

Lêerno.: 19/2/P  
Verwysing: 20230518-4399

Assesseringsbestuursminuut: 0008/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Uitnodiging om aansoek te doen vir die pos as monitor vir 2023/2024 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens**

1. Die gehalteversekering, behoorlike optrede, administrasie en bestuur van die eksamens is noodsaaklik op alle vlakke van die onderwysstelsel. Om te verseker dat die NSS-/SS-eksamens geloofwaardig is, gaan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) die monitering van die eksamens regdeur die provinsie versterk.
2. Die minimum norme en standaarde vir die monitering van eksamensentrums gedurende die eksamens word uiteengesit in die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37651 van 16 Mei 2014, soos gewysig in 2019.
3. Die WKOD nooi hiermee opvoeders of amptenare wat voorheen in diens was (afgetrede opvoeders of amptenare), met die toepaslike eksamen- en bestuursondervinding om aansoek te doen om 2023/2024 se NSS- en SS-eksamens te monitor.
4. Voornemende aansoekers moet aan die volgende kriteria voldoen:
  - 4.1 Was voorheen in diens as 'n kringbestuurder hoofonderwyskundige, adjunk-hoofonderwyskundige, senior kurrikulumbepanner, vakadviseur, senior onderwyskundige, prinsipaal, adjunkhoof, of eksamenamptenaar (bv. assistentdirekteur, adjunkdirekteur, direkteur) by die WKOD.

- 4.2 Het minstens drie jaar ondervinding in die monitering of afneem, administrasie en bestuur van die NSS- en/of SS-eksamens.
- 4.3 Het geen kriminele rekord of rekord van wangedrag nie.
- 4.4 Is nie ouer as 69 voor of op 31 Augustus 2023 nie. 'n Mediese sertifikaat wat deur 'n mediese praktisyn uitgereik is, word vereis om aansoekers se gesondheidstoestand te bevestig.
5. Daar sal van aansoekers verwag word om tussen sentrums te beweeg en hulle moet van hul eie vervoer gebruik maak vir hierdie reisdoeleindes. Vervoereise sal teen 'n vaste tarief vergoed word, soos uiteengesit in die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM) wat in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer is.
6. Dots Africa sal alle monitors wat aangestel word se persoonlike agtergrond en besonderhede nagaan en die inligting verifieer, waarna 'n verslag wat persoonlike besonderhede en inligting verifieer, opgestel sal word.
7. Daar sal van aansoekers verwag word om virtuele vergaderings by te woon, daaglikse verslae te verskaf en enige voorvalle/onreëlmatighede by skryfsentrums aan te meld. Daarom moet hulle verseker dat hulle toegang het tot 'n internetverbinding.
8. Aansoekers sal weens die volgende redes nie as monitors aangestel word nie:
  - Is uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan.
  - Het 'n vrywillige diensbeëindigingspakket aanvaar.
  - Het weens swak gesondheid afgetree.
  - Het 'n risiko-aanduiding wat "Risiko" op die risiko-assessering/profiel aandui.
9. Die volgende dokumentasie word met aanstelling vereis:
  - Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument (ID)
  - Vorm wat bankbesonderhede verifieer (Vorm Z56)
  - Bygewerkte en huidige belastingsertifikaat
  - Voltooiide *Personal Credential Disclosure*-vorm
  - Verklaring van vertroulikheid en geheimhouding
  - Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)
10. Monitors sal vanaf 13 Oktober 2023 tot en met 31 Augustus 2024 aangestel word. Hierdie tydperk sluit die NSS-eksamen in November 2023 in, asook die NSS-/SS-eksamen in Mei/Junie 2024. Monitors sal deur die WKOD in kennis gestel word wanneer hul dienste benodig word en sal slegs vergoed word vir dienste gelewer.
11. Alle monitors wat aangestel word, moet die opleidingsessies vir monitors bywoon wat vir September/Oktober 2023, voor die aanvang van die eksamen, geskeduleer is. Daar sal van monitors verwag word om na afloop van die opleidingsessies 'n bevoegdheidstoets te skryf. Indien 'n monitor nie aan die opleidingsinstruksies en -vereistes voldoen nie, behou die

WKOD die reg voor om nie van die monitor se dienste gebruik te maak of hom/haar aan te stel nie. Monitors sal nie vergoed word vir die bywoning van die opleidingsessies nie.

12. Die vergoeding van monitors is gegrond op die tariewe wat in Hoofstuk D van die PAM uiteengesit is. Hoofstuk D word jaarliks gewysig.
13. Aansoeke moet voor of op **10 Julie 2023** ingedien word.
14. Aansoeke kan slegs elektronies per rekenaar of selfoon ingedien word deur die volgende skakel, <https://forms.office.com/r/Rv73YECGCA>, of VR-kode te gebruik.



15. Alle monitors wat aangestel word, moet 'n voltooide *Personal Credential Disclosure*-vorm (Dots Africa) en 'n gewaarmerkte afskrif van hul ID in PDF-formaat per e-pos aan [Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za](mailto:Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za) stuur wanneer dit aangevra word.
16. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle voornemende aansoekers te bring. **Die Direkoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien voornemende aansoekers nie van die inhoud ingelig word nie.**
17. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-05-31